

SARS BLY OPERASIONEEL TEN SPYTE VAN STAKING

25 Mei 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis dat georganiseerde arbeid besluit het op industriële aksie ten spyte van doelgerigte pogings deur SARS om die staking te vermy. SARS glo dat sy aanbod, waarop dit geen reaksie ontvang het nie, die beste is onder die heersende sosio-ekonomiese uitdagings wat die land in die gesig staar. SARS is ook beperk deur die beskikbare hulpbronne uit die befondsingstoelaag.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het gesê: "Ek verstaan en het empatie met die finansiële uitdagings wat ons eie werknemers in die gesig staar, net soos werknemers land swyd. Inteendeel, alle Suid-Afrikaners, veral die miljoene wat werkloos is, ly onder die impak van die huidige ekonomiese klimaat. SARS is 'n mikrokosmos van die breër gemeenskap, en die sentiment van ontevredenheid is verstaanbaar, veral terwyl hulle voel dat die huidige situasie onwaarskynlik in die korttermyn sal verander. Werknemers hou nie gewilliglik hul arbeid terug nie, want dit het self 'n finansiële impak op hulle onder reeds-moeilike omstandighede. Maar mens moet verstaan dat, wanneer werkers frustreerd voel, hulle glo dat 'n staking die laaste oplossing vir hulle is om gehoor te word."

Die kommissaris gaan voort: "SARS erken die grondwetlike reg van werkers om te staak en hulself uit te druk binne die bepalings van die wet. Die belangrike werk wat SARS doen moet voortgaan, en ons sal enige nodige stappe neem om die impak van die staking te balanseer met ons verantwoordelikheid om belangrike dienste aan belastingpligtiges te lewer en alle verskuldigde belastinge in te vorder. Hierdie eerste inkomste betaal die salarisse van regeringswerknemers en verskaf die nodige hulpbronne om goedere en dienste aan die publiek te verskaf. Die werk van SARS is transformerend en stel die regering in staat om 'n bekwame staat te bou wat volhoubare ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling koester in die belange en welstand van alle Suid-Afrikaners."

SARS gee graag verslag dat die eerste dag van die staking ordelik verloop het, sonder voorval, en bedank werknemers vir die uitvoer van hul regte met respek vir die regte van ander en die wet terselfdertyd. Te danke aan die wye reeks aanlyndienste was onderbrekenings aan bedrywighede minimaal. Ons sal die ontwikkelinge by ons takke bly monitor oor die volgende paar dae. Ons

webtuiste sal voortdurend opdateer word om die publiek op hoogte te hou van hoe om met SARS te skakel om hul vereiste verpligtinge na te kom.

Belastingpligtiges word versoek om besoeke aan SARS-takke te vermy.

Doeane-bedrywighede by hawens van binnekoms, veral grensposte, is tot dusver sonder enige noemenswaardige ontwigtinge. Alle doeanegrensposte is operasioneel met die nodige gebeurtelikhedsplanne in plek om die impak van die industriële optrede te versag. SARS-doeane sal steeds staatmaak op die ondersteuning van ander regeringsagentskappe oor alle grensposte heen, veral die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), om volhoude bedrywigheid te verseker.

SARS het aan werknemers verduidelik dat die beginsel van "geen werk, geen betaling" van toepassing is. Dit moedig dus unie-leierskap aan om 'n amptelike antwoord te gee oor die nuutste aanbod, sodat hierdie arbeidsaangeleentheid, wat tot niemand se voordeel is nie, geskik kan word. "Ek maak 'n beroep op die leierskap van georganiseerde arbeid," gaan kommissaris Kieswetter voort, "om ons aanbod te oorweeg. Ek verseker julle dat dit die beste is wat ons kan doen onder die huidige befondsingsbeperkings. SARS het eenvoudig nie die hulpbronne om die eis van VPI plus 7% te haal nie. Ek verstaan dat ons aanbod nie is wat ons werknemers wil hê nie, maar dit maak die skikking van die huidige industriële optrede moontlik op 'n tydstip waar alle regeringswerknemers geaffekteer is."

Hy het afgesluit: "Ons besef dat besoldiging en voordele die afgelope paar jaar nie met inflasie bygehou het nie. In 'n land met 'n hoe werkloosheidsyfer en ander sosio-ekonomiese uitdagings, het SARS-werknemers reeds sekerheid van ampstermyn, asook markverwante salarisse en voordele. Hierdie aanbod, al spreek dit nie die eise van werknemers aan nie, sal verligting bring aan die impak van die huidige ekonomiese toestande. Die deure bly oop vir onderhandelinge en ons staan gereed om met ons kollegas in georganiseerde arbeid saam te werk om maniere te ondersoek waarop die algehele waarde-aanbod vir ons werknemers kan verbeter."

SARS pleit met Arbeid om die protes vredevol te hou en om die stakingsreëls, soos bepaal deur die uitgereikte KKMA-stakingsreëls, te respekteer.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.

EINDE